Western Cape Government
Health

OPENBARE KENNISGEWING

16 April 2014

Swartland Hospitaal se tandheelkunde eenheid skuif na nuwe perseel

Die Tandheelkunde eenheid by Swartland Hospitaal sal in Junie na 'n nuwe perseel skuif. Die eenheid sal vanaf 9 Junie 2014 na die Malmesbury Gemeenskapsdagsentrum (CDC) in Jacarandastraat, Malmesbury verskuif.

Die eenheid se tandheelkundige dienste sal vanaf 2 tot 6 Junie 2014 gesluit wees en sal op 9 Junie weer hervat by die nuwe perseel.

Inwoners van Malmesbury en ander dorpe in die Swartland Sub-distrik van die Weskus wat die eenheid besoek, word gevra om geduldig te wees met die tydelike ongerief aangesien die verskuiweing uiteindelik sal bydrae tot beter fasiliteite en tandheelkundige dienste.

Pasiënte wie vir afsprake vanaf 9 Junie geskeduleer word sal ingelig word van die nuwe perseel en adres. Pasiënte word gevra om hul vervoerreëlings hiervolgens aan te pas.